DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT – UITNODIGING VIR AANSOEKE OM JAARLIKSE BEFONDSING VIR 2026/27

Die Departement van Kultuursake en Sport (DKES) nooi geregistreerde kuns-, kultuur- en erfenisorganisasies, kunstenaars/individue en geleentheidsmaatskappye uit om hul befondsingsaansoeke vir die 2026/27-boekjaar aanlyn in te dien. Alle aansoekers moet Suid-Afrikaanse burgers wees wat in die Wes-Kaap woon. Persone met gestremdhede word aangemoedig om aansoek te doen.

Aansoeke word ingewag vir befondsing van projekte/programme in die volgende kategorieë:

	BEFONDSINGSKATEGORIE	**PROJEK/PROGRAM**
1.	Kultuurtoerisme	• Projekte wat unieke Wes-Kaapse erfenis-, kuns- en kultuurervarings bevorder.
2.	Letterkunde	• Poësie, kreatiewe skryfwerk, outobiografieë, kinderletterkunde, volksoorleweringe, kortverhale, boekfeeste/algemene feeste.
3.	Film	• Filmproduksie, beperkte ondersteuning van filmproduksie en deelname aan plaaslike en internasionale filmfeeste en -konferensies.
4.	Taalbevordering en -bewaring	• Enige dissipline of medium wat die gebruik van inheemse tale en Suid-Afrikaanse Gebaretale bevorder.
5.	Multidissiplinêr	• Inisiatiewe waar mense uit verskillende kuns- of kultuurvelde doeltreffend saamwerk.
6.	Uitvoerende Kunste	• Komedie, dans, toorkuns, mimiek, musiekfeeste/konserte/konferensies, poësie, poppeteater, teater.
7.	Visuele Kunste en Handwerk	• Skilder, teken, keramiek, handwerk, fotografie, illustrasie, mode-ontwerp/-vertonings, beeldhouwerk, uitstallings.

Aansoekers word aangemoedig om voorstelle in te dien wat:

- Insluiting en deelname van persone met gestremdhede bevorder.
- Geslagsresponsiwiteit toon (programme wat vroue bemagtig en aandag skenk aan geslagsgebaseerde geweld en geslagsongelykheid).
- Innovering bevorder.
- Vennootskappe met die openbare en privaat sektor insluit.
- Maatskaplike samehorigheid bevorder en diverse gehore betrek.
- Spesifieke doelwitte nastreef wat met die provinsie se prioriteite belyn (werkskepping, veiligheid, welstand ens.).
- Opleiding en vaardigheidsontwikkeling insluit.

Alle aansoeke en ondersteuningsdokumente mag slegs aanlyn ingedien word. Die aansoekvorms is beskikbaar by: https://www.westerncape.gov.za/cas. Alle navrae oor befondsing kan per e-pos gestuur word aan **Sinenhlanhla Mhlongo**: Sinenhlanhla.Mhlongo@westerncape.gov.za.

Die verantwoordelikheid berus by aansoekers om te sorg dat aansoeke betyds ingedien word en om hulself vertroud te maak met die befondsingstydlyne en -prosesse soos op die Departement se webblad uiteengesit.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is Maandag, 9 Maart 2026 om 23:59. Die aanlynstelsel aanvaar nie laat aansoeke nie.

Let wel:

- Befondsing is beperk.
- Befondsing vir individue en Edms Bpk-aansoekers wissel van R50 000 tot R100 000.
- Befondsing vir niewinsgewende maatskappye/-organisasies wissel van R50 000 tot R500 000.
- Ons aanvaar nie aansoeke per faks, e-pos of wat in persoon afgelewer word nie.
- Slegs een aansoek word per aansoeker toegelaat.
- Die indiening van 'n volledige aanlyn-aansoek waarborg nie befondsing nie.
- Datum van uitkomste – 31 Julie 2026.